22 Maart 2017

Suidwes Landbou verwelkom mnr Jan Grobbelaar as nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van die Suidwes Graan Divisie.

Dis vir die Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes Landbou, dr Herman van Schalkwyk, aangenaam om mnr Jan Grobbelaar te verwelkom as die nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van die Graan divisie binne die Suidwes Groep.

Mnr Jan Grobbelaar, nuut aangestelde Hoof Uitvoerende Beampte van die Graan divisie by Suidwes Landbou.

"Met 22 jaar se ondervinding in die graanbedryf, waarvan die grootste gedeelte daarvan in 'n bestuurshoedanigheid was, is mnr Grobbelaar se insette en bydrae van groot waarde vir enige graanbesigheid", sê Van Schalkwyk. Grobbelaar beskik oor intensiewe ondervinding in sekondêre landbou (landboubesighede) en het 'n voorkeur vir finansiële beplanning en beheer, asook risikobestuur. Grobbelaar beskik ook oor 'n MSc Agric-graad in Landbou Ekonomie (UV) sowel as 'n MBA-graad (NWU).

Volgens Grobbelaar is hy baie opgewonde oor die nuwe geleentheid en sien daarna uit om onder die leiding van dr Van Schalkwyk die besigheid te groei en nuwe geleenthede te benut. "Suidwes Landbou is goed geposisioneer en beskik oor voldoende infrastruktuur en bekwame personeel om 'n groot sukses te maak", sê Grobbelaar.

Mnr Grobbelaar se wye veld van ondervinding bied die ideale geleentheid vir mentorskap en waardetoevoeging in die Suidwes Graan divisie. Grobbelaar sal op 01 April 2017 diens aanvaar.

Navrae:
Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018-581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za